

Die Pad van Waarheid tot die Lewe
BybelVertalingsProjek

Bespreking van die wet

7

Sha'ul (Paulus) en die wet

Nuwe Verbond gelowiges het die wet nagekom!!

Yeshua

Yeshua was 'n wetsgehoorsame Jood en het die wet volmaak gehou en geleer.

Deut 4:2

"Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, wat ek julle beveel."

Mat 5:17-19

Moenie dink dat Ek gekom het om die Wet of die Profete te vernietig nie. Ek het nie gekom om te vernietig nie, maar **om volledig te maak**, 18 want dit is waar wat Ek vir julle sê: '**Totdat** die hemel en die aarde verby sal gaan, sal nie **een 'yud' of een 'strepie'** van die wet verbygaan, voordat dit alles klaar gebeur het nie.' 19 Enige een, wat daarom aan een van die minste van hierdie opdragte ongehoorsaam is en ander só leer, sal die minste genoem word in die Koninkryk van die hemel, maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die Koninkryk van die hemel,

1 Yog 2:6

Hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het.

Eks 12:14

(insake Pesag)

Hierdie dag sal vir julle ‘n gedenkdag wees en julle moet dit as ‘n fees tot eer van □□□□ vier, reg deur julle geslagte. Julle moet dit hou as ‘n ewige vasgestelde tyd.

Mat 26:2

“Julle weet oor twee dae is die Pesag en die Seun van die mens sal oorgelewer word om gekruisig te word.” **18** Hy antwoord: “Gaan na die stad, na ‘n sekere persoon en sê vir hom: ‘Die Leermeester laat weet: My tyd is naby, Ek sal saam met My studentevolgelinge by jou die Pesag hou’.”

Yeshua het die Pesag gehou omdat dit 'n opdrag is alhoewel Hyself ons Pesaglam was

1 Kor 5:7-8

"Gooi daarvolgens die ou suurdeeg uit sodat julle 'n nuwe deeg kan wees, soos wat julle eintlik ongesuurde brood is, want ons Pesaglam, Die Gesalfde Een, is vir ons geslag. **8 So laat ons dan die fees hou**, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van boosheid en bitterheid nie, maar met die suurdeeg van reinheid en afgesonderdheid."

Duidelik:

Hy was die Pesaglam, nie die herdenking of fees nie. Die Lam is vervang met 'n eenmalige ewige Lam. Laat ons die fees hou. Die Skrif is spesifiek oor wat verander in die wet en wat steeds, dog anders gedoen moet word.

Sha'ul (Paulus)

Hy het self die wet nagekom as voorbeeld en dit geleer.

Hand 24:14

"tog erken ek voor u, dat ek volgens die leer waarvan hulle praat, die God van my vaders dien, terwyl ek voortgaan om **alles te vertrou wat in die wet en in die profete geskrywe is,**"

Hand 25:8

"Tot sy verdediging het Sha'ul gesê: "Ek het **geen oortreding teen die wet van die Jode** of teen die tempel of teen die keiser begaan nie."

Hand 20:16

"want Sha'ul het besluit om by Efesos verby te vaar sodat hy nie in Asië tyd sou spandeer nie, want hy het gou gemaak om, as dit vir hom moontlik was, die fees van weke (Shavu'ot) in Yerushalayim te vier."

Hand 18:21

“Dit is altyd nodig vir my om die opkomende fees in Yerushalayim te vier en as God wil, sal ek weer na julle toe terugkom.”

1 Kor 5:8, 1 Kor 16:8

‘n Vraag het ontstaan in die Nuwe Verbond Kerk oor Besnydenis in die besonder en die wette wat nagekom moet word in die algemeen.

Die Hand 15 probleem.

Hand 15:9

Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle verstand, wil en emosie gereinig het deur vertrouwe. As gevolg hiervan sê ek dat ons die wat vanuit die ander nasies, na God toe gedraai word, nie verder moet belas nie, (nie ekstra dinge by God se wet plaas nie) 20 maar aan hulle skrywe dat hulle hul moet afsonder van die dinge wat deur afgode besoedel is, ('n verbreking van die 2de wet) van alle seksuele immoraliteit, (Uitbreiding op die wet van egbreuk) van wat verwurg is ('n heidense manier om diere dood te maak) en van bloed, (**Gen 9:3**) 21 want van die vroegste geslagte af het Moshe diégene, wat hom in elke stad verkondig, **terwyl hy elke Shabbat in die bymekaarkomplekke gelees word.**”

"die wet is steeds daar - hier is net 'n verduideliking van die dinge wat nou in ons tyd ter sprake is."

Hierdie is ook die duidelike uiteensetting van wat van gelowiges in Yeshua verwag word. Ten eerste word verbredings / verduidelikings gegee van bestaande wette - geen nuwe wet en geen indikasie dat wette nie meer geldig is nie.

Die wet is gelees in die Joodse en Nie-Joodse Sinagoges (Bymekaarkomplekke) wat albei op Shabbat bymekaargekom het.

Dit was moeilik vir die Jood om "verandering" in die wet se uitvoering te aanvaar. Dit was ook nodig om onderskeid te tref tussen "Moshe" wat gelees word = God se wet - en mense wette wat op hulle gelaai is en niemand kan nakom nie.

Yir 31:31-34

31 "Let op, die dae kom," verklaar יהוה, "wanneer Ek 'n nuwe verbond met die huis van Yisra'el en die huis van Y'udah sal sluit, **32** nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het in die dae toe Ek hulle by die hand gevat het om hulle uit die land van Egipte uit te bring nie, My verbond wat hulle verbreek het, alhoewel Ek 'n Bruidegom vir hulle was," verklaar יהוה, **33** "maar hierdie is die verbond wat ek met die huis van Yisra'el sal sluit na daardie dae:" verklaar יהוה. "**Ek sal My wet** in hulle sit en op hulle verstand, wil en emosie skryf; en Ek sal hulle God wees en hulle sal My volk wees. **34** Hulle sal nie meer leer, elke man sy naaste en elke man sy broer nie en sê, 'Ken יהוה,' want hulle sal My almal ken, van die minste van hulle tot die grootste," verklaar יהוה, "want Ek sal hulle oortreding vergewe en hulle sonde nie meer onthou nie."

Dit is tog duidelik dat יהוה die WET, (watter wet? Daar is net een wet,) in die NUWE VERBOND inskryf op die verstand, wil en emosie van die mens.

Kom ons bekyk 'n vers wat in beide Tanakh en Nuwe Verbond staan.

Deut 8:3b "om julle te laat verstaan dat die mens nie deur brood alleen leef nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van יהוה af uitgaan.“

Mat 4:4 "Hy antwoord egter: “Daar is geskrywe: ‘’n mens leef nie van brood alleen nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God kom’.”

Die wet het vanuit die mond van יהוה gegaan net soos die beloftes en die waarskuwings. As ek die wet en opdragte van God nie aanvaar nie - hoe durf ek dan die beloftes en waarskuwings aanvaar?

Dan is niks meer geldig nie – ‘n Verwerplike gedagte!!

Die Nuwe verbond bevestig en hernu die gees van die wet in al die wette van God
Toe iemand 'n vraag vra oor die wet, haal Yeshua weereens die Tanakh aan en bevestig so wat daar staan .

Mat 22:35-39 en Mark 12:29

en som dan op

40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Torah (eerste 5 boeke) en die Profete.” - verwysend na die hele Tanakh.

Kom ons bestudeer

Psa 111:7-10

7 Die werke van Sy hande is waarheid en regverdige oordeel en hulle duur voort vir ewig en ewig. 8 Al Sy opdragte is seker en word gedoen in waarheid en opregtheid. 9 Hy het verlossing na Sy volk gestuur; Sy verbond sal altyd onthou word; Sy Naam is afgesonderd en respekvol gevrees. 10 Die respekvolle vrees van יהוה is die begin van wysheid; almal wat Sy opdragte uitvoer, het 'n goeie begrip. Sy lofprysing duur vir ewig.

Ps 112:1

Loof Yah helder en duidelik! Gelukkig is die man wat יהוה respekvol vrees, wat blymoedig gehoorsaam is aan Sy opdragte.

Yes 51:6

"Lig jou oë op na die hemel. Kyk dan na die aarde daaronder, want die lug sal verdwyn soos rook en die aarde sal uitgeslyt word soos 'n kledingstuk en sy inwoners sal net so sterf, maar My verlossing is vir ewig en My onpartydigheid en opregtheid sal nie afneem nie.

Yes 51:7

"Luister na My, jy wat onpartydigheid en opregtheid ken, mense in wie se verstand, wil en emosie My wet is; moenie die beskuldigings (verwyte) van mense vrees, of ontsteld wees oor hulle beledigings nie.

Saam met Mat 5:19 in die NV - dit is onbetwyfeld.

SY WET IS VIR JOU EN MY VANDAG.

Ek wil afsluit met iemand se aanhaling. Let op of dit nie dalk waar is nie?

**"Most that claim Torah is abolished or of little importance do so with virtually no understanding of what Torah is. This is almost always the case within Constantinian Christianity as Christian leaders preach against the relevance of Torah without having ever really studied it in-depth!
They shamelessly blaspheme God's eternal teachings from a position of blatant and fearless ignorance. Christians and Christian leaders are grossly ignorant of Torah, yet do not hesitate to vigorously defame it."**